CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 8 LENTE 2009

Baie wil graag 'saam stap'

Sedert die nuus bekend gemaak is dat CLF besig is met 'n splinternuwe weergawe van die gewilde *Kom stap saam* Bybelverhaalbundel, het die belangstelling behoorlik opgevlam. Voor die manuskrip nog selfs by die drukkers gelewer is, is daar reeds 243 bestellings.

Daar is ook ondersteuning van individue en gemeentes wat in die projek glo, waarvan NGK Bothaville-Noord tot dusver die grootste bydrae gemaak het. 'n Bedrag van R20 000 het van hulle kant gekom om die Sotho-vertaling moontlik te maak. Die ontwikkelingsbedrag wat CLF beskikbaar het asook die individuele bydraes het nou die bedrag laat groei tot R189 155.00.



Die projek is vir diegene betrokke veel meer van 'n liefdestaak as enige iets anders. En almal is opgewonde oor die moontlikheid om hierdie bundel in kinders se moedertaal uit te gee.

Daar word egter nog heelwat befondsing benodig om die droom te bewaarheid om die boek in al 11 amptelike tale uit te gee, maar CLF beweeg in geloof voort dat die nodige befondsing daarvoor gevind sal word.

Die befondsing is nie net nodig om die koste van die boek te druk nie maar dit ook in so 'n mate te subsideer dat *Kom stap saam* so bekostigbaar moontlik sal wees vir kerke en individue om kopieë aan te koop en aan minderbevoorregte instansies en kerke in hul omgewing te versprei. Of iemand naby aan u, iemand wat by u werk, 'n kollega, selfs 'n wildvreemde op straat met 'n kind aan die hand, kan deel van u uitreik wees om 'n kind vir Jesus te wen deur hom of haar toe te rus met die Boodskap van die Bybel.

KOM STAP SAAM



Indien u 'n bydrae wil maak, merk dit asseblief **duidelik** *Kom stap saam* en skryf ook u naam en telefoonnommer as verwysing vir ons neer. Bydraes kan direk in CLF se bankrekening gedeponeer word by Absa: Takkode: 632005, rekeningnommer: 470 188 502.

Indien u uself tot die hele projek wil verbind, kan u ook 'n debietorder teken wat beteken u maandelikse bydrae sal spesifiek net vir hierdie projek gebruik word. Vir meer inligting, kontak Driekie Beukes by 021 873 0198.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Lord,
let me grow
in my spiritual life,
because I want to
grow closer
to your likeness
every day.
Every day I
want to reflect
your glory more
and more.
Thank you for the
help your Spirit
gives me,
that he
controls my life,
and that he helps
me to show the
fruit of the Spirit
in my life.
Help me to live ac-
cording to your at-
titude in the way I
relate to others.
Help me to
increase in
love, always
living in the truth
so that I may grow
towards you
in all ways.
I thank you for the
growth
that is already
evident in my life.

Amen.

Ondersteun CLF in jou testament

Die toekoms lyk soms vir baie onseker en ook CLF besef dat uitdagings in die toekoms ook van ons sal verwag om 'n groter mate van ondersteuning van ons donateurs te kry as ons wil voortgaan om die Boodskap van die Bybel gratis na die wêreld te neem.

'n Baie betekenisvolle manier waarop mense wat omgee CLF kan help, is 'n testamentêre bemaking. 'n Testamentêre bemaking aan CLF is 'n lewende herinnering. Jou omgee-daad sal bly leef in die harte van baie mense wie se lewens verander sal word deur CLF se gratis lektuur - omdat u genoeg omgegee het om 'n testamentêre bemaking agter te laat vir CLF. As u dus nie nou 'n gereelde bydrae kan maak weens ander verpligtinge nie, oorweeg dit om CLF te ondersteun in u testament.

Vir meer inligting, skakel Hedwig Moore by 021 864 3707 of stuur 'n e-pos aan hedwig@clf.co.za of skryf aan Privaatsak X19, Wellington, 7654.

BEWUS. Paarl-Oos polisiepersoneel het 'n dwelmbewusmakingsveldtog vir die jeug in Paarl geloods. By die groep belangstellendes staan kaptein Garret Watts (agter links) en konstabel Melonie Fortuin (agter vierde van links). Volgends Kapt Watts het Paarl-Oos Polisie 'n veldtog gehou om die gevare van dwelmmisbruik aan die jeug uit te wys en het veral klem gelê op die invloed van groepsdruk op hierdie probleem. CLF se pamflette het handig hiervoor te pas gekom en elkeen teenwoordig het pamflette ontvang. Foto: Devidean Moses

Gebruik fondse eerder op die manier

Dit kom al hoe meer onder die aandag van CLF dat mense die pamflette kopieer vir gebruik. CLF se pamflette is onderworpe aan kopiereg en ons vra asseblief dat gebruikers dit sal respekteer.

Hoewel CLF 'n beleid moes instel dat slegs 'n beperkte hoeveelheid pamflette gegee kan word aan bestellings en dit gebruikers dalk kan noop om pamflette te kopieer, kos dit egter steeds geld om fotostate te maak.

Ons wil u vriendelik versoek om eerder met CLF in gesprek te tree om fondse wat aan fotostate bestee sou word aan CLF te gee en sodoende 'n gedeelte van die pamflette te subsidieer en oorspronklike kopieë te bekom. Fotokopieë kos in sekere gevalle al soveel as R1 en vir die helfte daarvan kan u hande vat met CLF en oorspronklike pamflette subsideer vir u gebruik.

Gebruik dus eerder die fondse tot u beskikking op hierdie manier en tree in gesprek met CLF om die nodige pamflette te bekom.

Vir ons hier by CLF gaan dit oor veel meer as die kopiereg. Dit is die standaard en kwaliteit van 'n produk waaraan baie tyd spandeer is wat as 'n substandaard produk versprei word onder die CLF-naam. Ons vra dat u hierdie versoek sal respekteer.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

CLF-lektuur sterk hande om mense na Jesus te lei

"Dit is jammer dat ek so laat in my lewe met CLF kennis gemaak het!"

So sê een van CLF se getroue ondersteuners mnr Evert Kleinhans.

"Deur middel van julle christelike lektuur het ek heelwat mense deur die kragtige werk van die Heilige Gees na Jesus gelei en teruggevallenes weer terug by Jesus en die kerk."

Mnr Kleinhans sê dat hy op 30-jarige ouderdom reeds die Here as sy Verlosser aangeneem het. Na vele jare in diens van die SA Vloot het hy 20 jaar gelede afgetree. Vyf jaar gelede het hy egter met die Here 'n ooreenkoms aangegaan: dat hy elke dag ten minste met een persoon oor Jesus sal gesels.

Mnr Kleinhans sê dat benewens CLF se gratis lektuur is dit veral die boekie *Met God in my lewe* waarmee hy groot sukses gehad het. Hy skryf bemoedigende boodskappe voor in die boekie en gepaste boodskappe by elke hoofstuk asook die Sondaarsgebed.

Mnr Kleinhans sê dat hy gereeld beledigings van mense met wie hy praat kry maar ook baie Amens en Halleluja's! Hy skryf in die boekie:

"God wees my genadig, 'n verlore sondaar. Vergewe my Heer! My enigste hoop is geplaas in Jesus Christus wat vir my gesterwe het! Neem my hart en heers daar alleen. Lei my deur u Heilige Gees, sodat ek u wil mag ken in alle dinge. Gee my krag sodat ek andere sal vertel dat God my siel gered het. My God! My Heer! My Verlosser!"

Mnr Kleinhans is voorwaar 'n voorbeeld vir elk van ons om God se Woord te versprei. En met beskikbare lektuur soos die van CLF, word die taak vergemaklik. Laat ons almal inspirasie put uit hierdie verhaal - elkeen van ons kan 'n lektuurbedieningsaksie begin, hetsy as deel van 'n groep of op jou eie om so meer mense van Jesus te vertel.



Mnr Evert Kleinhans wat daagliks van CLF se lektuur gebruik maak om mense na Jesus te lei.

Nuwe reeks pamflette vir gemeentetoerusting

CLF is besig om 'n splinternuwe reeks pamflette as toevoeging tot ons bestaande reekse te ontwikkel. Benewens die pamflette wat handel oor geloof en evangelisasie, sosiale vraagstukke, ander gelowe, bemoediging of byvoorbeeld oor MIV en VIGS, is daar 'n groot behoefte aan wat as hulpmiddel kan dien by die toerusting en bemagtiging van gemeentes en lidmate.

Hierdie pamflette behandel aktuele temas wat bespreek kan word tydens toerustingsgeleenthede, in wyke of by selgroepe. Maar dit kan ook uitgedeel word vir lidmate om self te lees. Die temas word dus bietjie meer in diepte hanteer en stimuleer doelbewus tot gesprek. Die volgende temas is reeds uitgewerk en beskikbaar: Hoe om Paasfees te vier of Kersfees as Christusfees, die gee van dankoffers en hoe 'n Christelike begrafnis behoort te lyk. Temas waaraan nog gewerk word is die ander Christelike feesdae, die sakramente, leierskap in die gemeente, dienswerk, ons verstaan van kerk-wees, hoe om 'n uitreik te onderneem, konflikhantering, ensovoorts. Die skrywers is mense met groot ervaring in die bediening, veral ook in die kulturele kontekste van Suider Afrika. Die reeks word aangedui met 'n spesifieke kenteken – 'n klein kerkgeboutjie - en die leuse: "*gemeente en lidmaat – pamflette vir toerusting en gesprek*" Ook hierdie reeks word in soveel tale moontlik uitgegee. Daarmee probeer CLF om regtig vir gemeentes en leraars 'n meer effektiewe bedieningsvennoot te wees. Leraars en ander skrywers wat graag 'n bydrae wil maak tot hierdie reeks, kan gerus met ons in verbinding tree. Gemeentes is welkom om bestellings vir hierdie gratis pamflette te plaas.



Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Gou-speel met pamflette na Namibië

So word daar toe 'n soektog op tou gesit vir weldoener om te help met 'n besending pamflette in inheemse Namibiese tale na Namibië.

Met onlangse voorraadtelling is daar besluit dat stokou voorraad in tale soos Kwanyama, Ndonga en Tjivuko moet plek maak vir nuwe pamflette wat in samewerking met die relevante sendingwerkers in verskeie areas saamgestel sal word. Maar hoe nou gemaak met die magdom ou 'traktaatjies' wat vir iemand wat geen leesstof het nie, dalk nog iets kan beteken? En so begin die e-posse tussen CLF, ds Clem Marais van die Namibiese Sinode en almal wat langs die pad van die versoek verneem. Hier en daar het hoop op gevlam van iemand wat 'n boks of twee kon saamneem maar die ideaal sou tog wees as 'n vervoermaatskappy met 'n vrag van Suid-Afrika terugkeer dalk 'n plekkie kon maak vir die 13 bokse.

En êrens tussen die elektroniese lyne kom die naam van Obie Transport vorendag. En in 'n oggend se tyd het Joos Oberholtser van Obie Transport gereël dat die volle besending saam met een van sy vragmotors die lang pad Namibië toe vat. En so tussen die kaas en tamaties het die pamflette Windhoek bereik waar ds Clem dit gaan afhaal het om verder te versprei.

Baie dankie aan almal wat bygedra het om dit moontlik te maak - elkeen wat hul oor op die grond gehou het vir 'n moontlike geleentheid, dankie aan Ian Bosch van Paarl Litho wat die bokse vir ons kosteloos in plastiek toegedraai het, dankie aan Joos wat die pamflette vir ons kosteloos vervoer het, maar bowenal weer eens, die grootste dank aan ons Hemelse Vader wat mense op 'n wonderlike manier bymekaar laat kom om Sy woord so ver as moontlik te versprei.

Uit ons Possak

Ek ondervind intense belangstelling en dankbaarheid. AO

Hiermee my bydrae. Voorspoed en seën vir die werk wat julle doen. PM

Baie dankie vir die pak pamflette wat julle vir my aangestuur het. Ek waardeer dit. Baie seën met julle mooi werk en ek glo dat elkeen wat 'n pamflet ontvang se hart geraak word - dalk vir die eerste keer die liefde van Jesus ondervind het en dan gretig sal wees om hom beter te ken. ME

Baie dankie vir jul nuusbrief. Hiermee 'n bydrae vir die Zim-projek. Dit was wonderlik om te lees van die nuwe Nziyo. 'n Stuk van ons hart is nog daar waar ons destyds in sendingskole skoolgegaan het. DL

Ek sal baie graag 'saam stap' in Afrikaans. SCM

Die pak pamflette wat ek van julle ontvang het, was net op die regte tyd. Pinksterdienste het daarby baat gevind. Mag die Here julle ryklik seën met die wonderlike diens wat julle lewer. PR

Dankie vir die goeie werk wat julle doen. Ons gebede vergesel jul. Ons ervaar baie vrug met die uitdeel van die pamflette. IA

Ek is bly om weer eens 'n bedrag aan julle te stuur ter ondersteuning van jul werk. Mag die Here se seën daarop rus. JK

Baie dankie vir julle gebede, asook ons Hemelse Vader. Hy het al die gebede verhoor. Ek bid ook vir julle en die werk wat julle doen. JCO

Baie, baie dankie vir die pamflette wat ek in Junie ontvang het vir my seun se mediese spreekkamer. Dit word opreg waardeer. JM

Ek sluit vir u 'n bydrae hierby in vir *Kom stap saam*. Dankie vir die groot werk wat u op hierdie manier onder die jeug doen. Dis wonderlik om te weet dat julle die sonde in die geloof aangepak het. Ek glo en bid dat julle spoedig die nodige fondse sal bekom. Baie seën en sterkte in jul werk is my wense. HFC

Ek was verheug om te lees van die veldtog waarmee jul begin het om die jeug te betrek. Die geestelike stalletjies klink soos 'n treffer. Ek verseker jul span van my volgehoue voorbidding. AW